Hemodinamiese metings van hartfunksie tydens rus en tydens oefening (of stap) by pasiënte met normale ventrikulêre funksie wat behandel is met amlodipien, het oor die algemeen 'n klein toename in die hartindeks sonder 'n beduidende invloed op dP/dt of op die linkerventrikulêre eind-diastoliese druk of volume getoon. Na toediening van dosisse binne die terapeutiese dosisreikwydte, is amlodipien nie met 'n negatiewe inotropiese effek geassosieer nie. Amlodipien het minimale effek op sinoatriale nodale funksie of atrioventrikulêre geleiding.

Valsartaan
Valsartaan is 'n orale aktiewe en spesifieke angiotensien II-reseptor antagonis. Dit werk selektief op die reseptor subtipe (AT_1), wat vir die bekende aksies van angiotensien II verantwoordelik is. Die verhoogde plasmavlakke van angiotensien II na aanleiding van AT_1-reseptor blokkade met valsartaan kan die ongeblokkeerde AT_2-reseptor stimuleer, wat die effek van die AT_1-reseptor voorkom. Valsartaan vertoon nie enige gedeeltelike agonistiese aktiwiteit by die AT_1-reseptor nie en het baie (ongeveer 20 000-voudig) groter affiniteit vir die AT_1-reseptor as vir die AT_2-reseptor. Pasiënte met hipertensie, wat valsartaan ontvang, toon 'n vermindering van bloeddruk met geen effek op die polsslag nie.
By meeste pasiënte vind antihipertensiewe aktiwiteit binne 2 uur na toediening van 'n enkele orale dosis plaas en die piekverlaging van bloeddruk word binne 4 - 5 uur behaal. Die antihipertensiewe effek duur meer as 24 uur. Met herhaalde toediening word die maksimum verlaging in bloeddruk met enige dosis gewoonlik binne 2 - 4 weke behaal en word gedurende langtermynterapie onderhou.
Terugslag van hipertensie of ander nadelige kliniese gebeure word nie geassosieer met die skielike onttrekking van valsartaan nie.
Valsartaan verminder hospitaalopnames aansienlik in pasiënte met chroniese hartversaking (NYHA klas II-IV). Die voordele was die grootste in pasiënte wat nie 'n angiotensienomsettingsensiem (ACE) inhibeerder of 'n beta-blokker ontvang het nie. Valsartaan verminder kardiovaskulêre mortaliteit in klinies stabiele pasiënte met linkerventrikulêre versaking of linkerventrikulêre disfunksie na afloop van miokardiale infarksie.

Amlodipien/valsartaan
Die antihipertensiewe effek van 'n enkel dosis duur vir 24 uur. Ouderdom, geslag en ras het geen invloed op die antihipertensiewe reaksie gehad nie.

Farmakokinetiese eienskappe
Lineariteit
Amlodipien en valsartaan toon lineêre farmakokinetika.

Amlodipien
Absorpsie
Na orale toediening van terapeutiese dosisse amlodipien alleen, word piek plasmakonsentrasies binne 5 - 12 uur bereik. Absolute biobeskikbaarheid is tussen 64 % en 80 %. Amlodipien biobeskikbaarheid word nie beïnvloed deur voedsel inname nie (sien **Farmakokinetiese eienskappe, Amlodipien / Valsartaan**).

Verspreiding
Volume van verspreiding is ongeveer 21 L/kg. By hipertensiewe pasiënte is ongeveer 97,5 % van die sirkulerende verbinding aan plasmaproteïene gebind.

Biotransformasie
Amlodipien word in die lewer breedvoerig (ongeveer 90 %) na die onaktiewe metaboliete gemetaboliseer.

Uitskeiding
Uitskeiding van amlodipien uit plasma vind in twee fases plaas, met 'n terminale uitskeidingshalflewe van ongeveer 30 tot 50 uur. Bestendigetaat-plasmavlakke word na deurlopende toediening van 7 - 8 dae bereik. Tien persent van die oorspronklike amlodipien en 60 % van amlodipienmetaboliete word in die urine uitgeskei.

Valsartaan
Absorpsie
Na orale toediening van valsartaan alleen, word piek plasmakonsentrasies bereik binne 2 - 4 ure.

Die gemiddelde absolute biobeskikbaarheid is 23 %. Valsartaan toon multi-eksponensiële vervalkinetika ($t_{½}$ α <1 uur en $t_{½}$ β ongeveer 9 uur). Voedsel verlaag die blootstelling (soos gemeet aan AOK) aan valsartaan met ongeveer 40 % en piek plasmakonsentrasie (K_{maks}) met ongeveer 50 %, alhoewel die plasmakonsentrasies van valsartaan vanaf ongeveer 8 uur na dosering vir die gevoede en vastende groepe soortgelyk is. Hierdie verlaging in AOK word egter nie vergesel deur 'n klinies beduidende verlaging in die terapeutiese effek nie. Valsartaan kan met of sonder voedsel gegee word (sien **Farmakokinetiese eienskappe, *Amlodipien/ Valsartaan***).

Verspreiding
Valsartaan is sterk gebind aan serumproteïene (94 - 97 %), hoofsaaklik serumalbumien, en versprei nie breedvoerig in die weefsel nie.

Biotransformasie
Valsartaan word nie tot 'n groot mate omgeskakel nie, aangesien slegs ongeveer 20 % van die dosis as metaboliete herwin word. 'n Hidroksi-metaboliet is teen lae konsentrasies in die plasma geïdentifiseer (minder as 10 % van die valsartaan AOK). Hierdie metaboliet is farmakologies onaktief.

Uitskeiding
Valsartaan word hoofsaaklik onveranderd in feses (ongeveer 83 % van die dosis) en urine (ongeveer 13 % van die dosis) uitgeskei, hoofsaaklik as onveranderde verbinding. Na intraveneuse toediening is plasma-opruiming van valsartaan ongeveer 2 L/h en die renale opruiming is 0,02 L/h (ongeveer 30 % van die totale opruiming). Die halfleeftyd van valsartaan is 6 uur.

Amlodipien/valsartaan
Na orale toediening van die amlodipien/valsartaan-kombinasie word piek plasmakonsentrasies van amlodipien en valsartaan in onderskeidelik 6 - 8 en 3 uur bereik.

Die tempo en mate van absorpsie van die amlodipien/valsartaan-kombinasie is gelykstaande aan die biobeskikbaarheid van amlodipien en valsartaan wanneer dit alleen toegedien word (sien ***Amlodipien**, Absorpsie* en ***Valsartaan**, Absorpsie*).

Spesiale populasies
Pediatriese pasiënte
Daar is geen farmakokinetiese data beskikbaar in die pediatriese populasie nie.

Bejaarde pasiënte
Sistemiese blootstelling aan valsartaan is effens verhoog by bejaarde pasiënte in vergelyking met jonger pasiënte, maar dit is nie bewys dat dit kliniese betekenis het nie. Aangesien die twee komponente ewe goed verdra word by jonger en ouer pasiënte, word normale dosis regimes aanbeveel (sien **DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS**).

Renale belemmering
Renale belemmering het nie 'n beduidende invloed op die farmakokinetika van amlodipien nie. Daar is geen korrelasie tussen nierfunksie (bepaal deur kreatinienopruiming) en blootstelling (gemeet as AOK) aan valsartaan by pasiënte met verskillende grade van renale belemmering nie. Pasiënte met geringe tot matige renale belemmering mag die gewone aanvanklike dosis ontvang (sien **DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS** en **WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS**).

Hepatiese belemmering
Pasiënte met hepatiese ontoereikendheid het verlaagde opruiming van amlodipien met 'n gevolglike toename in die AOK van ongeveer 40 - 60 %. By pasiënte met geringe tot matige chroniese lewersiekte is blootstelling (soos bepaal met AOK-waardes) aan valsartaan gemiddeld dubbel dit wat by gesonde vrywilligers (met ooreenstemmende ouderdom, geslag en gewig) gevind word. Omsigtigheid word aangeraai by pasiënte met lewersiekte (sien **DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS** en **WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS**).

INDIKASIES
Behandeling van ligte tot matige hipertensie by pasiënte wie se bloeddruk genormaliseer word met die individuele komponente in dieselfde dosisse as die voorgestelde vaste-dosis kombinasie van **VALDUO**.

KONTRA-INDIKASIES
- Hipersensitiwiteit vir amlodipien, valsartaan of enige van die onaktiewe bestanddele van **VALDUO** (sien **SAMESTELLING**).
- 'n Geskiedenis van angio-edeem verwant aan vorige terapie met angiotensienomskakelingsensiem (ACE) inhibeerders of angiotensien-reseptorblokkers (ARB's):

Hierdie pasiënte moet nooit weer hierdie medisynes ontvang nie.
- Oorerflike of idiopatiese angio-edeem.
- Hipertrofiese obstruktiewe kardiomiopatie (HOCM).
- Erg belemmerde nierfunksie (kreatinienopruiming minder as 30 ml/min).
- Bilaterale renale arteriestenose.
- Renale arteriestenose by pasiënte met net een nier.
- Aortiese stenose.
- Gelyktydige terapie met kaliumbesparende diuretikas soos spironolaktoon, triamtereen, amiloried (sien **WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS** en **INTERAKSIES**).
- Porfirie
- Litiumterapie: Gelyktydige toediening met **VALDUO** mag lei tot toksiese bloedkonsentrasies van litium (sien **INTERAKSIES**).
- Swangerskap en borsvoeding (sien **SWANGERSKAP EN BORSVOEDING**).
- Gelyktydige gebruik van **VALDUO** met renien-inhibeerders soos aliskiren-bevattende medisyne (sien **WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS** en **INTERAKSIES**).
- Erge hipotensie.
- Skok (insluitend kardiogeniese skok).
- Hemodinamiese onstabiele hartversaking na akute miokardiale infarksie.

WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS

Indien 'n vrou swanger sou raak terwyl sy VALDUO neem, moet die behandeling onmiddellik gestaak word en moet na 'n ander klas anti-hipertensiewe medisyne oorgeskakel word (sien KONTRA-INDIKASIES en SWANGERSKAP EN BORSVOEDING).

Dubbele blokkade van die renien-angiotensien-aldosteroonstelsel (RAAS)
Daar is bewyse dat die gelyktydige gebruik van ACE-inhibeerders, angiotensien II reseptorblokkers (ARB's) of renieninhibeerders, soos aliskiren, die risiko vir hipotensie, hiperkalemie mag verhoog en nierfunksie verminder (insluitende akute nierversaking). Dubbele blokkade van RAAS deur die gesamentlike gebruik van **VALDUO** en renien-inhibeerders, soos aliskiren, is gevolglik teenaangedui (sien **KONTRA-INDIKASIES**).

VALDUO moet nie saam met renien-inhibeerders, soos aliskiren, gebruik word nie (sien **KONTRA-INDIKASIES**)

Renale belemmering
Amlodipien word omvattend na onaktiewe metaboliete gemetaboliseer, met 10 % wat onveranderd in die urine uitgeskei word. Veranderinge in amlodipien plasmakonsentrasies korreleer nie met geringe renale belemmering nie. Dit is nie nodig om die dosis van **VALDUO** aan te pas vir pasiënte met geringe tot matige renale belemmering nie. Geen data is egter beskikbaar vir pasiënte met ernstige renale belemmering (kreatinienopruiming < 10 ml/min) nie en hierdie pasiënte moet **VALDUO** versigtig gebruik. **VALDUO** wat kleiner amlodipien dosisse bevat (5 mg), moet moontlik toegedien word aan pasiënte met ernstige renale belemmering. Amlodipien is nie dialiseerbaar nie.

Hepatiese belemmering
Valsartaan word grootliks onveranderd deur die gal uitgeskei, terwyl amlodipien breedvoerig deur die lewer gemetaboliseer word. Die halfleeftyd van amlodipien is verleng by pasiënte met belemmerde lewerfunksie.
Omsigtigheid word aanbeveel wanneer **VALDUO** aan pasiënte met hepatiese belemmering of biliêre obstruktiewe versteurings toegedien word.
VALDUO wat kleiner amlodipien dosisse bevat (5 mg) moet aan pasiënte met belemmerde lewerfunksie toegedien word.

Pasiënte met natrium- en/of volume-uitputting
By pasiënte met 'n geaktiveerde renien-angiotensienstelsel (soos pasiënte met volume- en/of soutuitputting wat hoë dosisse diuretika ontvang) wat angiotensienreseptorblokkers (ARB's) ontvang, mag simptomatiese hipotensie voorkom. Regstelling van hierdie toestand vóór toediening van **VALDUO** óf mediese toesig by die aanvang van behandeling word aanbeveel. Indien hipotensie tydens **VALDUO** behandeling voorkom, moet die pasiënt in die rugliggende posisie geplaas word en, indien nodig, moet 'n intraveneuse infusie van fisiologiese soutoplossing gegee word. Behandeling met **VALDUO** kan voortgesit word sodra die bloeddruk gestabiliseer is.

Hiperkalemie
Gelyktydige gebruik van **VALDUO** met kaliumaanvullings, kaliumbesparende diuretika (sien **KONTRA-INDIKASIES**), soutvervangers wat kalium bevat of ander middels wat kaliumvlakke kan verhoog, soos heparien, moet versigtig gebruik word en kaliumvlakke moet gereeld gemonitor word.

Kinders
Veiligheid en effektiwiteit van **VALDUO** by kinders is nie vasgestel nie (sien **DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS**).

Effekte op die vermoë om 'n voertuig te bestuur en masjiene te gebruik:
VALDUO kan newe-effekte soos duiseligheid, slaperigheid en visuele steurnisse veroorsaak en kan die vermoë om 'n voertuig te bestuur en masjiene te gebruik, beïnvloed (sien **NEWE-EFFEKTE**). Voordat 'n voertuig bestuur of masjinerie hanteer word moet die uitwerking van **VALDUO** bekend wees.

INTERAKSIES
Amlodipien
Pomelo of pomelosap
Gepaardgaande toediening van amlodipien (soos bevat in **VALDUO**) met pomelo of pomelosap word nie aanbeveel nie, aangesien die biobeskikbaarheid by sommige pasiënte verhoog kan word, wat die antihipertensiewe effek verhoog.

CYP3A4-inhibeerders
Gelyktydige gebruik van amlodipien (soos bevat in **VALDUO**) met sterk of matige CYP3A4-inhibeerders (protease-inhibeerders, asool-antiswammiddels, makroliede soos eritromisien of klaritromisien, verapamiel of diltiasem) mag lei tot 'n beduidende toename in amlodipienblootstelling. Die kliniese transformasie van hierdie farmakokinetiese variasies kan meer merkbaar wees by bejaarde pasiënte. Kliniese monitering en dosisaanpassing kan dus vereis word.

CYP3A4-induseerders (antikonvulsantmedisynes [bv. karbamasepien, fenobarbitaal, fenitoïen, fosfenitoïen, primidoon], rifampisien, *Hypericum perforatum*)
Daar is geen inligting beskikbaar oor die effek van CYP3A4-induseerders op amlodipien (soos bevat in **VALDUO**) nie. Die gepaardgaande gebruik van CYP3A4-induseerders (bv. rifampisien, *Hypericum perforatum*) kan tot 'n laer plasmakonsentrasie van amlodipien lei. Amlodipien moet versigtig saam met CYP3A4-induseerders gebruik word.

Simvastatien
Gelyktydige toediening van veelvoudige dosisse van 10 mg amlodipien met 80 mg simvastatien het gelei tot 'n 77 % toename in die blootstelling aan simvastatien in vergelyking met simvastatien alleen. Dit word aanbeveel om die dosis simvastatien tot 20 mg daagliks te beperk in pasiënte wat amlodipien gebruik, soos bevat in **VALDUO**.

Dantroleen (infusie)
Dodelike ventrikulêre fibrillasie en kardiovaskulêre ineenstorting word waargeneem in assosiasie met hiperkalemie na toediening van verapamiel en intraveneuse dantroleen. As gevolg van die risiko van hiperkalemie, word dit aanbeveel dat die kombinasie van kalsiumkanaalblokkers soos amlodipien (soos bevat in **VALDUO**) vermy word by pasiënte wat vatbaar is vir kwaadaardige hipertermie en in die behandeling van kwaadaardige hipertermie.

Ander
In monoterapie is amlodipien veilig toegedien saam met hidrochloortiasiede, beta-blokkers, angiotensienomskakelingsensiem-inhibeerders, langwerkende nitrate, ondertongse nitrogliserien, digoksien, warfarien, atorvastatien, sildenafiel, aluminiumhidroksiedgel, magnesiumhidroksied, simetikoon, simetidien, niesteroïdale anti-inflammatoriese medisyne, antibiotika en mondelikse hipoglukemiese medisynes.
Gesamentlike toediening van monoterapie amlodipien met digoksien het nie die serum digoksienvlakke of die renale opruiming van digoksien by normale vrywilligers verander nie en gesamentlike toediening van simetidien het nie die farmakokinetika van amlodipien gewysig nie.
In vitro data uit studies met menslike plasma dui aan dat monoterapie amlodipien geen uitwerking het op die proteïenbinding van die medisynes wat getoets is nie (digoksien, fenitoïen, warfarien of indometasien).
Monoterapie amlodipien toon nie 'n aansienlike verandering op die effek van warfarien op protrombien reaksietyd of die farmakokinetika van siklosporien nie.

Valsartaan
Litiumterapie
Gelyktydige toediening van valsartaan (soos bevat in **VALDUO**) met litium kan lei tot toksiese bloedkonsentrasies van litium (sien **KONTRA-INDIKASIES**). Noukeurige monitering van serum litiumvlakke word aanbeveel tydens gelyktydige gebruik van **VALDUO** en litium.

Dubbele blokkade van die renien-angiotensien-aldosteroonstelsel (RAAS) met angiotensien-reseptorblokkers (ARB's), angiotensienomskakelingsensiem (ACE) inhibeerders of aliskiren
Data van kliniese proewe het getoon dat dubbele blokkade van die renien-angiotensien-aldosteroonstelsel (RAAS) deur die gesamentlike gebruik van angiotensienomskakelingsensiem (ACE) inhibeerders, angiotensien II-reseptorblokkers (ARB's) of renieninhibeerders geassosieer word met 'n hoër frekwensie van ongunstige voorvalle soos hipotensie, hiperkalemie en verminderde nierfunksie (sien **KONTRA-INDIKASIES** en **WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS**).

Nie-steroïdale anti-inflammatoriese medisyne (NSAID's), insluitend selektiewe COX-2 inhibeerders, asetielsalisielsuur (> 3 g/dag) en nie-selektiewe NSAID's
Wanneer angiotensien II-antagoniste gelyktydig met NSAID's toegedien word, kan versterking van die hipertensiewe effek voorkom. Verder kan die gelyktydige gebruik van angiotensien II-antagoniste en NSAID's lei tot 'n verhoogde risiko van verergering van die nierfunksie en 'n toename in serum kalium. Daarom word dit aanbeveel om aan die begin van die behandeling die pasiënt se nierfunksie te monitor, sowel as voldoende hidrasie van die pasiënt.

Inhibeerders van die opnametransporteerder (rifampisien, siklosporien) of uitvloeitransporteerder (ritonavir)
Die resultate van 'n *in vitro* studie met menslike lewerweefsel dui daarop dat valsartaan 'n substraat van die hepatiese opnametransporteerder OATP1B1 en van die hepatiese uitvloeitransporteerder MRP2 is. Gelyktydige toediening van inhibeerders van die opnametransporteerder (rifampisien, siklosporien) of uitvloeitransporteerder (ritonavir) kan die sistemiese blootstelling aan valsartaan (soos bevat in **VALDUO**) verhoog.

Ander
In monoterapie met valsartaan is geen interaksies van kliniese belang gevind met die volgende medisyne nie: simetidien, warfarien, furosemied, digoksien, atenolol, indometasien, hidrochloortiasied, amlodipien, glibenklamied.
Gelyktydige gebruik met kaliumaanvullings, kaliumbesparende diuretikas (sien **KONTRA-INDIKASIES**), soutvervangers wat kalium bevat of ander medisyne wat kaliumvlakke kan verhoog, soos heparien, moet versigtig gedoen word en kaliumvlakke moet gereeld gemonitor word.

SWANGERSKAP EN BORSVOEDING
Swangerskap
Veiligheid tydens swangerskap is nie vasgestel nie (sien **KONTRA-INDIKASIES**).
Wanneer swangerskap beplan of bevestig word, moet die behandeling met **VALDUO** gestaak word.

Medisyne wat die renien-angiotensiensisteem beïnvloed, soos **VALDUO**, kan embrionale toksisiteit, fetale en neonatale morbiditeit en mortaliteit veroorsaak wanneer dit aan swanger vroue toegedien word.

Vroue van vrugbare potensiaal
Vroue van vrugbare ouderdom moet effektiewe voorbehoeding verseker.

Borsvoeding
Veiligheid in borsvoeding is nie vasgestel nie (sien **KONTRA-INDIKASIES**).

DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS
Pasiënte wat amlodipien en valsartaan van aparte tablette ontvang, kan oorskakel na **VALDUO** wat dieselfde dosisse bevat.

Volwassenes
Die aanbevole dosis is een tablet daagliks, met water.
VALDUO kan met of sonder kos geneem word.
Die dosis sal op 'n individuele pasiënt basis bepaal word.

Renale belemmering
Geen dosisaanpassing word benodig vir pasiënte met geringe tot matige renale belemmering nie. By pasiënte met ernstige renale belemmering is **VALDUO** teenaangedui (sien **KONTRA-INDIKASIES**).

Hepatiese belemmering
Wees versigtig wanneer **VALDUO** aan pasiënte met hepatiese belemmering of obstruktiewe galblaasversteurings toegedien word (sien **WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS**).

Bejaarde pasiënte
Geen dosisaanpassing word vereis vir bejaarde pasiënte nie.

Kinders en adolessente (tieners)
VALDUO word nie aanbeveel vir kinders 18 jaar en jonger nie (sien **WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS).**

NEWE-EFFEKTE
Amlodipien/valsartaan (VALDUO)
Immuunstelselversteurings:
Minder dikwels: Hipersensitiwiteit.

Metabolisme- en voedingsteurings:
Dikwels: Hipokalemie.
Minder dikwels: Anoreksie, hiperkalsemie, hiperglukemie, hiperlipidemie, hiperurisemie, hiponatremie.

Psigiatriese versteurings:
Minder dikwels: Angstigheid.

Senuweestelselversteurings:
Dikwels: Hoofpyn.
Minder dikwels: Duiseligheid, slaperigheid, posturale duiseligheid, parestesie

Oogversteurings:
Minder dikwels: Visuele versteuring.

Oor- en labirintversteurings:
Minder dikwels: Vertigo, tinnitus.

Kardiale versteurings:
Minder dikwels: Tagikardie, hartkloppings.

Vaskulêre versteurings:
Dikwels: Warm gloede, blosing.
Minder dikwels: Ortostatiese hipotensie, hipotensie, sinkopee.

Respiratoriese, torakale en mediastinale versteurings:
Dikwels: Nasofaringitis, griep.
Minder dikwels: Hoes, faringolaringeale pyn.

Gastro-intestinale versteurings:
Minder dikwels: Diarree, naarheid, braking, buikpyn, hardlywigheid, droë mond.

Vel- en subkutaneweefselversteurings:
Minder dikwels: Uitslag, eriteem, eksanteem, pruritus, hiperhidrose.

Spier-, bindweefsel- en beenversteurings:
Minder dikwels: Geswelde gewrigte, rugpyn, artralgie, spierspasma, swaar gevoel.

Nier- en urienwegversteurings:
Minder dikwels: Pollakurie, poliurie.

Voortplantingstelsel- en borsversteurings:
Minder dikwels: Erektiele disfunksie.

Algemene versteurings en toestande by plek van toediening:
Dikwels: Moegheid, astenie, edeem (vorming van holtetjies, in gesig en perifeer).

Amlodipien
Bloed- en limfstelselversteurings:
Minder dikwels: Leukopenie, trombositopenie.

Immuunstelselversteurings:
Minder dikwels: Angio-edeem, multivorm eriteem.

Metabolisme en voedingversteurings:
Minder dikwels: Hiperglukemie.

Psigiatriese versteurings:
Minder dikwels: Depressie, gemoedsveranderings.

Senuweestelselversteurings:
Dikwels: Hoofpyn, slaperigheid, duiseligheid, migraine.
Minder dikwels: Perifere neuropatie, tremor.

Oogversteurings:
Minder dikwels: Visuele steurnisse, oogpyn.

Oor- en labirintversteurings:
Minder dikwels: Vertigo.

Kardiale versteurings:
Dikwels: Hartkloppings, tagikardie.
Minder dikwels: Angina, bradikardie.

Vaskulêre versteurings:
Dikwels: Blosing.
Minder dikwels: Vaskulitis, sinkopee, hipotensie, ortostatiese hipotensie.

Respiratoriese, torakale en mediastinale versteurings:
Minder dikwels: Dispnee, rinitis.

Gastro-intestinale versteurings:
Dikwels: Naarheid, braking, buikpyn.
Minder dikwels: Verandering in dermgewoontes, dispepsie, gastritis, tandvleishiperplasie, droë mond, hardlywigheid.

Hepato-biliêre versteurings:
Minder dikwels: Pankreatitis, hepatitis, geelsug.

Vel- en subkutaneweefselversteurings:
Minder dikwels: Alopecia, pruritus, uitslag.

Spier-, bindweefsel- en beenversteurings:
Minder dikwels: Myalgie, artralgie, rugpyn, spierkrampe.

Nier- en urienwegversteurings:
Minder dikwels: Toename in urinêre frekwensie, mikturisie.

Voortplantingstelsel- en borsversteurings:
Minder dikwels: Ginekomastie, impotensie

Algemene versteurings en toestande by gebied van toediening:
Dikwels: Moegheid, edeem.
Minder dikwels: Verhoogde sweet, malaise, astenie.

Valsartaan
Infeksies en besmettings:
Dikwels: Virale infeksies.

Bloed- en limfstelsel versteurings:
Dikwels: Neutropenie.
Minder dikwels: Trombositopen.

Immuunstelselversteurings:
Minder dikwels: Hipersensitiwiteit insluitend serumsiekte, angio-edeem.

Metabolisme- en voedingversteurings:
Minder dikwels: Hiperkalemie.

Psigiatriese versteurings:
Minder dikwels: Slaaploosheid.

Senuweestelselversteurings:
Dikwels: Posturale duiseligheid.
Minder dikwels: Duiseligheid, hoofpyn.

Oogversteurings:
Minder dikwels: Versteurde visie.

Oor- en labirintversteurings:
Minder dikwels: Vertigo.

Kardiale versteurings:
Minder dikwels: Hartversaking.

Vaskulêre versteurings:
Dikwels: Ortostatiese hipotensie.
Minder dikwels: Hipotensie, vaskulitis, sinkopee.

Respiratoriese, torakale en mediastinale versteurings:
Minder dikwels: Boonstelugweginfeksie, faringitis, sinusitis, rinitis, hoes.

Gastro-intestinale versteurings:
Minder dikwels: Diarree, buikpyn, naarheid.

Hepato-biliêre versteurings:
Frekwensie onbekend: Hepatitis.

Vel- en subkutaneweefselversteurings:
Minder dikwels: Uitslag, pruritus, alopesie, urtikaria.

Spier-, bindweefsel- en beenversteurings:
Minder dikwels: Rugpyn, artralgie, mialgia, rabdomiolise.

Nier- en urienwegversteurings:
Minder dikwels: Belemmerde nierfunksie, akute nierversaking, renale ontoereikendheid.

Voortplantingstelsel- en borsversteurings:
Minder dikwels: Verminderde libido.

Algemene versteurings en toestande by gebied van toediening:
Minder dikwels: Moegheid, astenie, edeem.

BEKENDE SIMPTOME VAN OORDOSERING EN BESONDERHEDE VIR DIE BEHANDELING DAARVAN
Simptome
Amlodipien
Oordosering met amlodipien kan lei tot die volgende:
- Oormatige perifere vasodilatasie.
- Moontlike refleks tagikardie.
- Bradikardie.
- Potensieel verlengde sistemiese hipotensie met skok, met dodelike uitkoms.

Valsartaan
Oordosering met valsartaan kan lei tot die volgende:
- Uitgesproke hipotensie.
- Duiseligheid.
- Tagikardie.
- Bradikardie.

Behandeling
Dit is aangetoon dat toediening van geaktiveerde houtskool onmiddellik of tot twee uur na inname van amlodipien die absorpsie van amlodipien beduidend verlaag.

Aktiewe kardiovaskulêre ondersteuning, in kliniese beduidende hipotensie, insluitende gereelde monitering van die hart- en respiratoriese funksie, oplig van ledemate, aandag aan sirkulerende vloeistofvolume en urienuitsette.

'n Bloedvatvernouer kan nuttig wees om vaskulêre tonus en bloeddruk te herstel, op voorwaarde dat daar geen kontra-indikasie vir die gebruik daarvan is nie. Intraveneuse kalsiumglukonaat kan voordelig wees om die effekte van 'n kalsiumkanaalblokker om te keer.

Dit is onwaarskynlik dat sowel amlodipien as valsartaan deur hemodialise verwyder sal word.

IDENTIFIKASIE
VALDUO 5/80: Liggeel, ronde, bikonvekse, filmbedekte tablet, glad aan beide kante.
VALDUO 5/160: Donkergeel, ovaalvormige, bikonvekse, filmbedekte tablet, met 'L298' aan die een kant ingepers en ongemerk aan die ander kant.
VALDUO 10/160: Liggeel, ovaalvormige, bikonvekse, filmbedekte tablet, met 'L300' aan die een kant ingepers en ongemerk aan die ander kant.

AANBIEDING
Silwer aluminium/aluminium stulpstrook wat 10 tablette per stulpstrook bevat. Die stulpstroke word in 'n kartonhouer verpak.

Verpakkingsgrootte: 30 filmbedekte tablette.

BERGINGSINSTRUKSIES
Bewaar teen of onder 30 °C.
Hou die stulpstroke in die buitenste karton tot nodig vir gebruik.
Beskerm teen vog.
HOU BUITE BEREIK VAN KINDERS.

REGISTRASIENOMMERS
VALDUO 5/80: 51/7.1.3/0067
VALDUO 5/160: 51/7.1.3/0068
VALDUO 10/160: 51/7.1.3/0069

NAAM EN BESIGHEIDSADRES VAN DIE HOUER VAN DIE REGISTRASIESERTIFIKAAT
Forrester Pharma (Edms.) Bpk.
Pasitastraat 13
Rosen Heights
Rosen Park
Bellville
7530

DATUM VAN PUBLIKASIE VAN DIE VOUBILJET
Oktober 2018

LI0191/18A

PASIËNTINLIGTINGSBLAD VIR VALDUO 5/80, 5/160 EN 10/160

SKEDULERINGSTATUS
Skedule 3

EIENDOMSNAAM, STERKTE EN DOSEERVORM
VALDUO 5/80 filmbedekte tablet
VALDUO 5/160 filmbedekte tablet
VALDUO 10/160 filmbedekte tablet

Lees die hele inligtingsblad aandagtig deur voordat u begin om VALDUO te gebruik.
- Hou hierdie inligtingsblad. Dit is moontlik dat u dit weer sal wil deurlees.
- Indien u nog vrae het, vra asseblief u dokter of apteker.
- **VALDUO** is vir u persoonlik voorgeskryf en u moet nie medisyne met ander mense deel nie. Dit kan skadelik vir hulle wees, selfs al het hulle dieselfde simptome as u.

1. WAT VALDUO BEVAT
VALDUO 5/80: Die aktiewe bestanddeel in elke filmbedekte tablet is amlodipienbesilaat gelykstaande aan 5 mg amlodipien basis en 80 mg valsartaan.
VALDUO 5/160: Die aktiewe bestanddeel in elke filmbedekte tablet is amlodipienbesilaat gelykstaande aan 5 mg amlodipien basis en 160 mg valsartaan.
VALDUO 10/160: Die aktiewe bestanddeel in elke filmbedekte tablet is amlodipienbesilaat gelykstaande aan 10 mg amlodipien basis en 160 mg valsartaan.

Die ander bestanddele is kolloïdale anhidriese silika, krospovidoon, magnesiumstearaat, mikrokristallyne sellulose, Opadry geel (hipromellose, geel ysteroksied (kleurmiddel), makrogol, talk, titaandioksied (kleurmiddel)).
VALDUO 5/160 bevat ook rooi ysteroksied (kleurmiddel).
VALDUO (5/80, 5/160, 10/160) is suikervry.

2. WAARVOOR VALDUO GEBRUIK WORD
VALDUO bevat twee aktiewe bestanddele naamlik amlodipien en valsartaan. Albei van hierdie bestanddele word gebruik om hoë bloeddruk te behandel
- Amlodipien behoort aan 'n groep wat kalsiumkanaalblokkers genoem word.
- Valsartaan behoort aan 'n groep wat angiotensienreseptorblokkers (ARBs) genoem word.

VALDUO word gebruik om hoë bloeddruk te behandel by volwasse pasiënte wie se bloeddruk nie alleen met amlodipien of valsartaan beheer word nie.

3. VOORDAT U VALDUO NEEM
Moet nie VALDUO neem nie
- Indien u hipersensitief (allergies) is vir amlodipienbesilaat, valsartaan of enige van die ander bestanddele van **VALDUO** (sien **WAT VALDUO BEVAT**).
- Indien u swelling in u gesig of keel ondervind het toe u ander medisyne gebruik het (insluitend angiotensienreseptorblokkers (ARBs)). Indien hierdie simptome voorkom, moet behandeling met **VALDUO** dadelik gestaak word en u dokter gekontak word. U moet nooit weer **VALDUO** gebruik nie.
- Indien u dokter u ingelig het dat die dikte van u hartspier abnormaal toegeneem het (obstruktiewe hipertrofiese kardiomiopatie (HOCM)) of dat die kleppe in u hart vernou is (aortiese stenose).
- Indien u 'n nieroorplanting gehad het, indien u nierslagare vernou is of as u ernstige nierprobleme het.
- Indien u porfirie het ('n seldsame oorerflike siekte waarin daar 'n abnormale metabolisme van die bloedpigment hemoglobien in u bloed voorkom).
- Indien u swanger is of borsvoed (sien **Swangerskap en borsvoeding**).
- Indien u ernstige lae bloeddruk (hipotensie) het.
- Indien u aan 'n toestand ly waar u hart nie genoeg bloed aan die liggaam kan lewer nie (kardiogeniese skok).
- Indien u aan hartversaking ly ná 'n hartaanval.
- Indien u enige van die volgende medisyne gebruik (sien **Gebruik van ander medisyne met VALDUO**):
  - Renieninhibeerders soos aliskiren (wat gebruik word om hoë bloeddruk te behandel).
  - Litium (wat gebruik word om sekere tipes depressie te behandel).
  - Kaliumbesparende diuretika soos spironolaktoon, triamtereen, amiloried (watertablette).

Wees versigtig met VALDUO

Indien u swanger raak moet u dadelik die gebruik van VALDUO staak en u dokter skakel. VALDUO kan 'n ongebore baba skade aandoen en selfs dood veroorsaak. As u van plan is om swanger te raak, praat met u dokter oor ander behandelingsopsies om u bloeddruk te verlaag voordat u VALDUO gebruik (sien Moet nie VALDUO neem nie).

- Indien u nierprobleme het.
- Indien u lewerprobleme het.
- Indien u lae bloeddruk het.
- Indien u siek was (braking of diarree).
- Indien u 18 jaar of jonger is.

Die neem van VALDUO met kos en vloeistof
VALDUO kan met of sonder kos geneem word. Neem **VALDUO** met water. Moenie pomelo's eet of pomelosap drink terwyl u **VALDUO** neem nie. Pomelo's of pomelosap kan die bloeddrukverlagende effek van **VALDUO** verhoog.

Swangerskap en borsvoeding
Indien u swanger is of u baba borsvoed, raadpleeg u dokter, apteker of ander gesondheidsorgkundige voordat u **VALDUO** gebruik.
Moet nie **VALDUO** neem indien u swanger is of borsvoed nie.

Bestuur en gebruik van masjinerie
VALDUO kan newe-effekte veroorsaak, soos duiseligheid, slaperigheid en visuele steurnisse en kan u vermoë om 'n voertuig te bestuur en masjiene te hanteer, beïnvloed (sien **MOONTLIKE NEWE-EFFEKTE**). Moenie 'n voertuig bestuur, masjinerie hanteer of iets anders doen wat u aandag vereis totdat u weet hoe **VALDUO** u affekteer nie.

Gebruik van ander medisyne saam met VALDUO
Vertel altyd u gesondheidsorgkundige indien u enige ander medisyne gebruik. (Dit sluit aanvullende of tradisionele medisyne in.)
Sê vir u dokter of apteker indien u tans die volgende gebruik: (sien **Moet nie VALDUO neem nie**)
- Angiotensienomskakelingsensiem (ACE) inhibeerders, angiotensien II-reseptorblokkers (ARB's) of renien-inhibeerders, soos aliskiren (wat gebruik word om hoë bloeddruk te behandel).
- Litium (gebruik om sekere tipes depressie te behandel).
- Kaliumbesparende diuretikas soos spironolaktoon, triamtereen, amiloried (gebruik om oortollige vloeistof uit u liggaam te verwyder).
- Kaliumaanvullings, soutvervangers wat kalium bevat en ander stowwe wat kaliumvlakke kan verhoog.
- Sekere tipes pynstillers genaamd nie-steroïede anti-inflammatoriese medisyne (NSAID's, soos aspirien, diklofenak, ibuprofeen) of selektiewe siklo-oksigenase-2 inhibeerders (COX-2 inhibeerders, soos rofekoksib, selekoksib).
- Antikonvulsante medisyne (soos karbamasepien, fenobarbitaal, fenitoïen, fosfenitoïen, primidoon).
- Johanneskruid ('n kruiemedisyne wat gebruik word om depressie te behandel).
- Medisyne wat gebruik word vir MIV/VIGS (soos ritonavir, indinavir, nelfinavir).
- Medisyne wat gebruik word om swaminfeksies te behandel (soos ketokonasool, itrakonasool).
- Medisyne wat gebruik word om bakteriese infeksies te behandel (soos rifampisien, eritromisien, klaritromisien, telitromisien)
- Verapamiel, diltiasem (hartmedisyne).
- Simvastatien ('n medisyne wat gebruik word om hoë cholesterolvlakke te beheer).
- Dantroleen (infusie om ernstige abnormaliteite in die liggaamstemperatuur te behandel).
- Medisyne wat gebruik word om teen verwerping van oorgeplante organe te beskerm (siklosporien).

4. HOE OM VALDUO TE GEBRUIK
Moet nie medisyne wat aan u voorgeskryf is met ander mense deel nie. Neem **VALDUO** presies soos u dokter dit vir u voorgeskryf het. Indien u nie seker is nie, vra u dokter of apteker.

Volwassenes
Die gewone dosis is een tablet daagliks, dieselfde tyd elke dag. Neem die tablet met water. Indien u die indruk kry dat die effek van **VALDUO** te sterk of te swak is, sê vir u dokter of apteker.

Indien u meer VALDUO neem as wat u moet
In die geval van oordosering, raadpleeg u dokter of apteker. Indien nie een van hulle beskikbaar is nie, kontak die naaste hospitaal of gifsentrum.
Neem hierdie inligtingsblad en die res van die oorblywende **VALDUO** saam sodat die dokter weet wat u geneem het.

Indien u vergeet om VALDUO te neem
Indien u 'n dosis met slegs 'n paar uur gemis het, neem die dosis wat u vergeet het sodra u onthou. Indien dit amper tyd is vir die volgende dosis, slaan die gemiste dosis oor en neem **VALDUO** op die volgende gereelde geskeduleerde tyd. Moenie 'n dubbeldosis neem om op te maak vir die vergete individuele dosis nie.

Effekte wanneer behandeling met VALDUO gestop word
U dokter sal u inlig hoe lank u **VALDUO** moet neem. U toestand kan terugkeer indien die gebruik van **VALDUO** gestaak word voordat u aangeraai is om dit te doen.

5. MOONTLIKE NEWE-EFFEKTE
VALDUO kan newe-effekte hê.
Nie alle newe-effekte wat vir **VALDUO** aangemeld is, is by hierdie inligtingsblad ingesluit nie. Indien u algemene gesondheid agteruitgaan of u enige ongunstige effekte ervaar terwyl u **VALDUO** gebruik, raadpleeg asseblief u dokter, apteker of ander gesondheidsorgdeskundige.

Indien enige van die volgende gebeur, moet die gebruik van **VALDUO** dadelik gestaak word en moet u die dokter onmiddellik inlig of na die ongevalle-afdeling by u naaste hospitaal gaan:
- Swelling van u hande, voete, enkels, gesig, lippe, mond of keel, wat probleme kan veroorsaak om te sluk of asem te haal.
- Uitslag of jeuk.
- Floute.

Hierdie is almal baie ernstige newe-effekte. Indien u dit ervaar, het u moontlik 'n ernstige allergiese reaksie teen **VALDUO** gehad. U benodig dringende mediese aandag of hospitalisasie.

Lig u dokter dadelik in of gaan na die ongevalle-afdeling by die naaste hospitaal indien u enige van die volgende oplet:
Dikwels:
- Gereelde infeksies soos koors, erge kouekoors, seer keel of mondsere.
- Veranderinge in die manier waarop u hart klop (vinniger klop of slae oorslaan).

Minder dikwels:
- Bloei of kneus makliker as gewoonlik.
- Hoë kaliumvlakke in u bloed (abdominale pyn, verwarring, onreëlmatige hartklop, naarheid en braking), senuweeagtigheid, gevoelloosheid of tinteling in u hande, voete of lippe, kortasemheid, moeilike asemhaling, swakheid of swaar gevoel in u bene).
- Perifere neuropatie (tinteling of gevoelloosheid in u hande of voete, laat val gereeld goed van u hande, gevoel van swakheid of swaarheid in u arms en bene, skerp steekpyne).
- Hartversaking (kortasemheid, moegheid en swakheid, swelling van u bene, enkels en voete, vinnige of onreëlmatige hartklop, aanhoudende hoes met wit of pienk slym).
- Veranderinge in die manier waarop u hart klop (klop stadiger as normaal), borspyn.
- Vaskulitis (koors, hoofpyn, moegheid, gewigsverlies, algemene pyne, nagswete, senuweeprobleme soos gevoelloosheid of swakheid).
- Gastritis (pyn, naarheid, braking, braak bloed, bloed in die stoelgang).
- Pankreatitis (naarheid, braking, koors, pyn in u maagarea wat na u rug uitstraal).
- Vergeling van die vel en oë, ook genoem geelsug.
- Multivorm eriteem (rooi, dikwels jeukerige kolle, soortgelyk aan die uitslag van masels wat op u ledemate begin en soms op die gesig en die res van u liggaam, die kolle kan blase vorm of kan vorder om verhoogde, rooi merke met 'n vaal middel gedeelte te vorm, ander simptome sluit in koors, seer keel, hoofpyn en/of diarree).
- Hoë suiker (glukose) vlakke in u bloed (uitskei van groot hoeveelhede urine, oormatige dors, droë mond en vel).
- Nierversaking (slaperigheid, kortasem, moegheid, verwarring, naarheid, stuipe, skei minder urine uit as normaalweg).
- Skei meer urine uit as wat normaal is vir u, verhoogde frekwensie van urinering, veral gedurende die dag.

Hierdie is almal baie ernstige newe-effekte. U mag dringende mediese aandag benodig.

Vertel u dokter so gou as moontlik indien u enige van die volgende oplet:
Dikwels:
- Hoofpyn en erge hoofpyne (migraine).
- Lighoofdigheid wanneer u opstaan vanuit 'n lêende of sitposisie.
- Duiseligheid, slaperigheid.
- Influensa- of virusinfeksies (koors, hoes, algemene gevoel van ongemak of siekte, hoofpyn, gewrigspyn, spierpyne en pyn, verlies aan eetlus, sweet).
- Nasofaringitis (seer keel, loopneus of geblokkeerde neus, nies, spierpyn, hoofpyn).
- Naarheid, braking, maagpyn.
- Vel en gesig word rooi en warm.
- Ongewone moegheid of swakheid.

Minder dikwels:
- Voel angstig en/of depressief, met gemoedskommelings, onvermoë om te slaap.
- Verminderde eetlus.
- Abnormale bloedtoetsresultate wat hoë vlakke van vet in u bloed (hiperlipidemie), hoë bloedsuikervlakke (hiperglukemie) of lae bloedsuikervlakke (hipoglukemie) toon.
- Bloedtoetsresultate wat abnormale vlakke van natrium, kalium, kalsium of ureum in u bloed toon.
- Tinteling of gevoelloosheid van u hande en voete (naalde en spelde).
- Bewing (onwillekeurige bewe of skud van u hande en voete).
- Visuele steurnisse, pyn in die oog, versteurde visie.
- Vertigo (draaisensasie), gesing in die ore.
- Lae bloeddruk.
- Boonstelugweginfeksie (hoes, koors, seer keel, nies).
- Rinitis (loopneus of geblokte neus, nies), seer keel, hoes.
- Sinusitis (pyn en teerheid rondom u oë en wangbene, koors, geblokte of loopneus, hoofpyn, hoes).
- Diarree, hardlywigheid, droë mond, spysvertering.
- Gingivale hiperplasie (toename in die grootte van u tandvleisweefsel).
- Veranderinge in u dermgewoontes (verskuiwing in u stoelgangfrekwensie en konsekwentheid).
- Rooiheid van u vel en slymvliese, jeukerige uitslag.
- Haarverlies (tydelik).
- Pynlike geswelde gewrigte, spierkrampe en -pyn, rugpyn, gevoel van swaarheid.
- Tydelike verlamming of swakheid van spiere.
- Borsvergroting by mans.
- Erektiele disfunksie (die onvermoë om 'n ereksie te ontwikkel en te hou).
- Verhoogde sweetafskeiding.
- Abnormale fisiese swakheid of gebrek aan energie, oor die algemeen ongesteld voel.
- Verlies van libido.

Indien u enige newe-effekte oplet wat nie in hierdie inligtingsblad genoem word nie, moet u asseblief u dokter of apteker inlig.

6. BERGING EN WEGDOENING VAN VALDUO
- Bewaar by of onder 30 °C.
- Hou die stulpstroke in die buitenste karton totdat dit benodig word.
- Beskerm teen vog.
- BEWAAR ALLE MEDISYNE BUITE BEREIK VAN KINDERS.
- Moet nie gebruik na die vervaldatum wat op die karton gedruk is nie.
- Stuur ongebruikte medisyne na u apteker terug.
- Moet nie ongebruikte medisyne in dreine en rioolstelsels (bv. toilette) weggooi nie.

7. AANBIEDING VAN VALDUO
Silwer aluminium/aluminium stulpstrook wat 10 tablette per stulpstrook bevat. Die stulpstroke word in 'n kartonhouer verpak.
Verpakkingsgrootte: 30 filmbedekte tablette.

8. IDENTIFIKASIE VAN VALDUO
VALDUO 5/80: Liggeel, ronde, bikonvekse, filmbedekte tablet, glad aan beide kante.
VALDUO 5/160: Donkergeel, ovaalvormige, bikonvekse, filmbedekte tablet, met 'L298' aan die een kant ingepers en ongemerk aan die ander kant.
VALDUO 10/160: Liggeel, ovaalvormige, bikonvekse, filmbedekte tablet, met 'L300' aan die een kant ingepers en ongemerk aan die ander kant.

9. REGISTRASIENOMMERS
VALDUO 5/80: 51/7.1.3/0067
VALDUO 5/160: 51/7.1.3/0068
VALDUO 10/160: 51/7.1.3/0069

10. NAAM EN ADRES VAN REGISTRASIEHOUER
Forrester Pharma (Edms.) Bpk.
Pasitastraat 13
Rosen Heights
Rosen Park
Bellville
7530
(021) 943 0600

11. DATUM VAN PUBLIKASIE
Oktober 2018

LI0191/18A

4205 Valduo PI_PIL 300 x 600mm FA FINAL.indd 2
2018/10/08 2:58 PM